

INDRINGERPLANT IN SA

SÓ LYK VSA SE VOORSTE ONKRUID

SAAIBOERE dwarsoor Suid-Afrika moet dringend hul lande begin monitor vir tekens van die verwoestende indringerplant *Palmer amaranth*, wat verlede maand by Douglas in die Noord-Kaap gevind is.

Omdat die natuurlike habitat van dié onkruidsoort die droë suidwestelike deel van Amerika is, gaan dit goed aangepas wees by die meeste toestande in die

plaaslike somerreënstreek. Dit sal waarskynlik ook goed aard in die relatief droë somer van die winterreënstreek.

Tot dusver is 'n enkele voorkoms op 'n plaas by Douglas opgespoor en ondersoek. Die saad van dié onkruid het binne bestek van 'n dekade oor groot dele van Amerika versprei deur veral die dra daarvan in landboumasjinerie, soos stropers en katoenba-

lers, en in katoen- en sojaboon-saad wat vir veevoer gebruik is.

Die vinnige verspreiding hou slegte vooruitsigte vir Suid-Afrika in. Daar kan verwag word dat die plant in die toekoms as verklaarde onkruid geklassifiseer sal word.

Dis nog nie bekend hoe en wanneer die plant in Suid-Afrika aangeland het nie, maar boere moet so vinnig moontlik oor so 'n wyd moontlike gebied waarnemings doen sodat daar bepaal kan word hoe wyd dit reeds versprei het.

Eers dan kan 'n doeltreffende bestrydingsprogram ingestel en gevolg word.

– CHARLIE REINHARDT

MELD AAN

Enigeen wat die plant *Palmer amaranth* op hul grond gewaar, moet dit by die Suid-Afrikaanse onkruid-doderweerstandsinisiatief (SAHRI) aan die Universiteit van Pretoria aanmeld (www.up.ac.za/Sahri). Hou komende uitgawes van *Landbouweekblad* dop vir meer inligting oor dié plant.

Dr. Reinhardt is verbonde aan die Monash SA/Villa Venmootskap, en buitengewone professor in onkruidwetenskap aan die Universiteit van Pretoria én die Universiteit Stellenbosch. E-pos: dr.charlie.reinhardt@gmail.com

SÓ KEN JY DIE PALMER AMARANTH UIT



Reeds by saailinge is die blaarsteel langer as die blaarskyf – selfs waar die blaarsteel gevou word. Dit is waarskynlik die *Palmer*-misbredie se maklikste waarneembare eienskap. FOTO'S: CHARLIE REINHARDT



Die stamkleur is groen, groen-wit of rooierig, of kombinasies daarvan. Stamme en stingels is haarloos.

Die blaarvorm wissel van ovaal tot silindries, met sigbare wit are aan die onderkant. Sommige plante het 'n opvallende silwer-pers V-vormige chevron ("watermerk") op die boonste blaaroppervlak – hierdie eienskap kom egter ook by sekere ander *amaranthus*-soorte voor.



Vroulike en manlike blomme is op afsonderlike plante. Manlike bloeiwyses voel sag met aanraking, maar vroulike bloeiwyses is hard en stekelig. Blommetjies van tot 3 mm lank is saamgepak op silindriese bloeiwyses van tot 60 cm lank op die sentrale stam. Die blomkleur is wit of wit-groen. Die vruggie is omtrent 1,5 mm lank. By volwassenheid val die boonste helfte van vrugte af om 'n enkele donkerpers saad van tot 2 mm deursnit te ontbloot. Sade ontkiem vinnig en plante groei vinnig as water beskikbaar is en produseer groot hoeveelhede saad (100 000 tot 500 000 sade per plant).